

Die nuwe Jerusalem het die heerlikheid van God (OP26)

Openbaring 21:2, 9-11

31 Januarie 2021

Ons is tans besig om Op 21 te bestudeer. Tot dusver het ons al gesien dat God alles nuut maak. Dit sluit die hemel en die aarde in, maar ook die mense wat daar gaan woon. God gaan by hierdie mense kom woon. Hy gaan hulle God wees, en hulle sal Sy mense wees. Siende dat God die Begin en die Einde is, sal hierdie dinge realiseer. Boonop beloof God aan hierdie mense 'n erfenis wat hulle beslis sal ontvang, en wat hulle nooit weer sal verloor nie. As deel van hierdie erfenis gaan hulle intieme gemeenskap met God hê, en gaan hulle saam met Hom regeer vir ewig oor die nuutgemaakte hemel en aarde.

Vandag wil ek graag aanbeweeg en begin om te besin oor die nuwe Jerusalem. In vers 2 lees ons dat Johannes sê hy het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel sien neerdaal. Hierdie stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier was. En in vers 9 en verder lees ons dat een van die engele wat die sewe bakke op die aarde uitgegooi het, vir Johannes aangesê het om te kom, sodat hy aan Johannes die bruid kan wys. In die res van hoofstuk 21 tot by Op 22:5 volg daar dan 'n beskrywing van die nuwe Jerusalem. Vandag gaan ons maar net begin. Ek voorsien dat ons 'n aantal preke sal afstaan om na hierdie verse te kyk. Vandag fokus ons slegs op vers 2 en 9-11.

Is die nuwe Jerusalem 'n letterlike toekomstige stad?

Soos wat ons nou al verskeie male in Openbaring gevind het, is daar ook oor die betekenis van die nuwe Jerusalem uiteenlopende opinies. Dit is baie algemeen dat hierdie verse letterlik geïnterpreteer word, met die gevolg dat daar geredeneer word dat hierdie verse vir ons 'n beskrywing is van 'n werklike, fisiese toekomstige stad. Doen jouself 'n guns en gaan soek op YouTube na videos oor die Nuwe Jerusalem. Daar is verskeie videos wat 'n grafiese voorstelling hiervan gee deur die beskrywing wat ons in hierdie verse het, letterlik te neem en die stad so voor te stel. Van hulle is baie indrukwekkend, en help mens om 'n prentjie te vorm van wat in hierdie verse geskets word.

Maar as jy bietjie verder begin lees, kom jy ager daar is baie uitdagings as jy hierdie verse letterlik wil lees: Byvoorbeeld, in vers 16 word die stad as 'n kubus beskryf waarvan die kante elk 12 000 km lank is (NAV). Die OAV praat van 1500 myl, wat natuurlik nie 12 000 km is nie. Die NIV praat van 12 000 stadia. Ons kan later besin hoekom daar verskillende vertalings is, maar die grootte wat in die oorspronklike gegee word, is 'n kubus met sye van 12 000 stadia, wat as jy dit omskakel ongeveer 2200 km lank is. Dit is massief. Ek het iewers gelees dat 'n sterrekundige redeneer dit is nie fisies moontlik nie – volgens hom sal so 'n massiewe kubus onder sy eie swaartekrag 'n sfeer vorm, soos wat die geval is met die meeste planete. Daar is interessante gesprekke oor die feit dat as jy op die boonste vlakke van hierdie kubus-stad sou leef, dan sal jy in die ruimte wees tussen die satelliete wat om die aarde wentel. Daar is ook 'n video wat sê 'n kubus met hierdie dimensies kan nie stewig op die aarde staan nie, want die ronding van die aarde sal veroorsaak dat 'n punt van die kubus in die lug sal wees – en dan redeneer hulle verder dit is glo 'n bewys dat die aarde dus plat moet wees. Nou al hierdie redenasies mag interessant en soms selfs amusant wees, maar ek is oortuig hulle mis die punt.

Kan ek 'n paar redes uitlig hoekom 'n letterlike interpretasie nie hier gepas is nie:

- Vers 2 maak duidelik die stelling dat die stad gereed was soos 'n bruid vir haar man. Die stad word dus vergelyk met die bruid. Wel, is dit nou letterlik 'n stad of letterlik 'n bruid waarvan

gepraat word? In vers 9 sê die engel vir Johannes hy sal hom die bruid wys, en van vers 10 af wys hy vir hom die heilige stad. Weereens, duidelik word die stad en die bruid langs mekaar geplaas. Duidelik moet ons nie letterlik aan 'n stad of letterlik aan 'n bruid dink nie. Al twee is simbole wat gebruik word wat na iets anders verwys. As jy dit nou vergelyk met Op 19:7-8, waar die bruid beskryf word as die gelowiges, dan word dit duidelik dat die bruid en die nuwe Jerusalem hier ook simbole is waarmee die gelowiges beskryf word.

- Kyk weer na Op 3:12. Hier beloof Jesus dat hy op die wat die oorwinning sal behaal, dus die gelowiges, die naam van die nuwe Jerusalem sal skryf. Boonop word hulle ook nog elkeen 'n pilaar in die tempel. Die gelowiges is dus die nuwe Jerusalem, die bruid, en die tempel. Aldrie is simbole waarmee die gelowiges beskryf word.
- Vergelyk Op 21:2 en 9-10 met Op 17:1-5. Let op die volgende ooreenkomste: (1) In beide gevalle is dit een van die sewe engele met die sewe bakke wat met Johannes praat (2) In beide gevalle sê die engel vir Johannes hy moet kom want hy wil hom iets wys (3) In beide gevalle lees ons dat Johannes deur die Gees meegevoer word (4) In Op 17 word Johannes na die woestyn gebring, terwyl hier in Op 21 hy na 'n hoë berg gebring word. (5) In Op 17 wys die engel aan Johannes die sedelose vrou, wat ook Babilon genoem word, wat beskryf word as die moeder van die sedeloses (vers 5), terwyl hier in Op 21 wys die engel aan Johannes die bruid, wat ook die nuwe Jerusalem genoem word, wat beskryf word as die vrou van die Lam (nie net die bruid nie!). Toe ons destyds na Op 17 gekyk het, het ons gesê dat die sedelose vrou, Babilon, is al daardie magte wat saam met regerings werk om mense te verlei sodat hulle hulle verlustig aan die skatte van hierdie aarde – dit was dus nie 'n letterlike vrou of letterlike stad nie. Hier in Op 21 vind ons soortgelyk 'n beskrywing van mense – maar hier verlustig hulle hulle in God en Sy heerlijkheid. Hoekom moet hulle nou hier 'n werklike fisiese stad wees?
- Boonop is hierdie vervulling van Ou Testamentiese profesieë, soos wat ons hieronder sal sien. Netso min as wat die lampstaanders in Op 1 'n letterlike, fisiese lampstaander is, netso min as wat Jesus 'n letterlike, fisiese Lam is, netso min as wat die duiwel 'n letterlike, fisiese rooi draak is, netso min is die nuwe Jerusalem 'n letterlike, fisiese stad.

Hoekom word die gelowiges beskryf as die heilige stad, die nuwe Jerusalem?

Wat egter steeds 'n geldige vraag bly, is hoekom die gelowiges, die bruid, hier beskryf word met die term: “die heilige stad, die nuwe Jerusalem”? Wel, ek vertrou dat dit nie meer vir julle verrassend sal wees nie, maar ons moet teruggaan in die Bybel om dit te verstaan – eers na die Ou Testament, en daarna na die Nuwe Testament.

Blaai na Jes 52 toe. Nou: die laaste hoofstukke in Jesaja is natuurlik ook eskatologies van aard – soos wat die geval met Openbaring is. In hierdie gedeelte word Jeruslaem opgeroep omdat daar verlossing gaan kom. Lees vers 1. Wat opvallend is, is dat Jerusalem hier ook beskryf word as 'n heilige stad – soos wat die geval in Op 21 is. Let ook op, Sion word as sinoniem vir Jerusalem gebruik (kom later terug hierna). Vers 1 roep ook Jerusalem op om mooi klere aan te trek (OAV: sierlike klere) – soos in Op 19/21 waar die nuwe Jerusalem beskryf word as 'n bruid wat versier is met bruilofsklere. Jerusalem word spesifiek opgeroep om die onreines uit hulle midde te verwyder – Op 21:27 beskryf juis dat daar niks onreins in die nuwe Jerusalem sal kom nie. Vers 3 bevestig dat daar verlossing vir Jerusalem gaan kom. Volgens vers 6, op daardie dag dat die verlossing gaan realiseer, dan sal die volk God se Naam bely, dat Hy die Here is. Hoor jy Op 21: dan sal Ek hulle God wees, en hulle sal my volke wees. Kyk nou na vers 9: hier word Jerusalem en “volk” as sinonieme gebruik. Hier word Jerusalem as ekwivalent gesien vir die volk wat verlos gaan word. Boonop maak vers 11 duidelik dat daar niks gemeen is tussen die verlose, nuutgemaakte Jerusalem en Babel nie.

Blaai aan na Jes 62. Lees verse 1-2. Hier het ons weer 'n beskrywing van die komende verlossing van Jerusalem. Maar let op wat vers 2b sê: Jerusalem gaan boonop 'n nuwe naam kry. Ek glo dat die nuwe naam is die nuwe Jerusalem! Kyk na vers 5: Hier word hierdie verlore Jerusalem weereens vergelyk met 'n bruid, waaroor haar bruidegom, God self, bly is. Die punt is dit: die gelowiges word hier beskryf as 'n bruid en as die nuwe Jeruslaem, want dit is vervulling van 'n profesie wat eeue vantevore al aan Jesaja gegee is.

Hoekom juis die stad Jerusalem, en nie enige van die ander stede in die beloofde land nie? Sekerlik omdat Jerusalem die Dawidstad is, waar Dawid die koningskap gevestig het nadat hy oor die hele volk begin heers het. Sekerlik omdat dit ook die plek is waar Salomo die tempel gebou het, en waar die volk bymekaar gekom het in aanbidding voor God. Sekerlik omdat dit die stad is waar Jesus gekruisig is.

Kom ons kyk nou ook na wat die Nuwe Testament leer oor Jerusalem. Lees Gal 4:24-26. Ons kan nie op al die detail hiervan ingaan nie. Maar hier word onderskeid gemaak tussen Abraham se nageslag deur Hagar en deur Sara, d.w.s. Ismael en Isak. Hagar se nageslag word geassosieer met die Sinaiverbond, d.w.s. die ou verbond, en met die huidige Jerusalem. Daarteenoor is daar die nageslag van Sara wat geassosieer word met die nuwe verbond en met die hemelse Jerusalem. Ons het al vroeër gesien dat dit juis deur die nuwe verbond is dat dit in Op 21 realiseer dat God hulle God sal wees, en hulle Sy volke sal wees. Hier word die gelowiges dus beskryf met die titel "hemelse Jerusalem".

Blaai nou na Heb 12. Vanaf vers 18 vind ons weer 'n vergelyking tussen die ou verbond en die nuwe verbond. Vers 18-21 beskryf die ou verbond in terme van die gebeure by Sinai. Maar vanaf vers 22 word die resultaat van die nuwe verbond beskryf: Maar julle het gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem! Baie pertinent sê vers 23 dat hierdie hemelse Jerusalem is die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is – dus die hemelse Jerusalem is die gelowiges.

Sien jy: daardie Ou Testamentiese profesie aan Jesaja oor die verlossing van Jerusalem wat sal kom, vorder in die Nuwe Testament tot die punt waar juis deur die werking van die nuwe verbond dit tot gevolg het dat daar 'n gemeenskap van gelowiges is wat beskryf word as die hemelse Jerusalem. Deur die loop van die eeue deur die werking van die nuwe verbond groei hierdie hemelse Jerusalem. In Op 14 het ons gelees hoe hulle, die 144 000, op Sionsberg bymekaar kom na hulle afsterwe hier op aarde. En nou kom ons in Op 21 by die punt waar hierdie verlossing van Jerusalem afgehandel is, waar alles onrein uit Jerusalem verwyder is, waar die hemelse Jerusalem voltallig is, waar hierdie Jerusalem 'n nuwe naam kry, naamlik die nuwe Jerusalem – en nou kan ons lees dat hierdie Jerusalem, hierdie hemelse Jerusalem, uit die hemel neerdaal na die nuwe aarde toe!

Sien jy hoekom die gelowiges beskryf word met die term "die heilige stad, die nuwe Jerusalem"?

- Dit is Jerusalem – want dit was die plek van die tempel en dus aanbidding,
- Dit is egter die nuwe Jerusalem, want dit is nie die aardse Jerusalem nie, nee, dit verwys na die mense wat deur die nuwe verbond nuut gemaak word en deel kry aan die hemelse Jerusalem. Hulle groei in getalle deur die loop van die eeue en kom op Sionsberg in die hemel bymekaar na hulle afsterwe hier op aarde
- Hulle kry 'n nuwe naam – die nuwe Jerusalem, wat nadat die skepping nuutgemaak is, uit die hemel na die nuwe aarde neerdaal
- Dit is 'n stad, want dit is 'n gemeenskap van mense. Dit is 'n stad omdat dit 'n groot gemeenskap van mense is

- Dit is 'n heilige stad, omdat hulle almal heilig is met nuwe wit klere aan, gereed soos 'n bruid vir haar Bruidegom.

Die stad het die heerlijkheid van God

Op 21:11 voeg nou by dat die stad die heerlijkheid van God het. Die heerlijkheid word duidelik siende dat dit die glans van 'n kosbare edelsteen het – 'n kristalhelder opaal (NAV), of 'n kristalhelder jaspis (OAV).

Weereens is hierdie nie 'n onverwagse verwickeling nie. Kom ons gaan terug na Jesaja en die profesie oor die komende verlossing. Lees Jes 60:1-2 (OAV). Hier word verduidelik dat die heerlijkheid van God oor hulle gesien word. Sagaria bevat 'n soortgelyke uitspraak. Lees Sag 2:4-5. Hier word ook aangekondig dat God se heerlijkheid (OAV) (magtige teenwoordigheid – NAV) die stad Jerusalem sal vul.

Let egter op hoe hierdie heerlijkheid beskryf word in Op 21: glans van 'n kristalhelder opaal. Kyk weer na Op 4:2-3. In hierdie hemelse troonvisioen word God wat op die troon sit, se voorkoms beskryf as soos opaal. Hierdie stad besit dus werklik die heerlijkheid van God.

Maar onthou nou: hierdie stad is die bruid, dit is die gelowiges. As die stad dus die heerlijkheid van God het, beteken dit dit is die gelowiges wat dan God se heerlijkheid sal hê. Let op: hulle het nie maar net heerlijkheid nie – hulle het God se heerlijkheid! Onthou jy: Moses het in Eks 33:18 vir God gevra dat hy tog God se heerlijkheid mag sien. Maar God het gesê geen mens kan dit sien en bly lewe nie. Onthou jy Jesaja in Jes 6, as hy daardie troonvisioen van God sien, en iets van God se heiligheid en heerlijkheid word sigbaar, roep hy uit: Dit is klaar met my. Of Esegïël toe hy 'n visioen van God se heerlijkheid sien, val hy plat op sy gesig (Eseg 1:28). Of Johannes self in Op 1 toe hy die visioen van Jesus sien, het hy by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Die heerlijkheid van God is net te groot vir 'n sondige mens om te kan sien en bly lewe. Maar as deel van die nuwe Jerusalem is dit die heerlijkheid wat ons gaan hê!

Dink aan die gebeure op die berg van verheerliking. In Mark 9:2-3 lees ons dat Jesus se voorkoms het voor hulle oë verander, “en sy klere het blink geword, spierwit soos niemand op aarde dit kan maak nie”. Onthou jy daardie helder fyn blink klere van die uitgenooides na die bruilofsmaal van die Lam?

Ek vertrou ons is almal vertrou met die verlossingspad wat God met gelowiges stap: dit begin met die uitverkiesing, wedergeboorte, roeping, bekering, geloof, regverdigmaking, heiligmaking en uiteindelik heerlikmaking (bv Rom 8:28). Dit is 'n lang proses wat uiteindelik op heerlikmaking uitloop. Ja, ons is dankbaar vir die regverdigmaking wat Jesus vir ons bewerk het, maar ons word so dikwels vasgevang met die worsteling op die heiligmakingspad, dat ons die gevaar loop om die einddoel, ons heerlikmaking, uit die oog te verloor. Ek is bevrees ons onderskat totaal en al hoe heerlik hierdie heerlijkheid is. Ons het laasweek na 2 Kor 3 en 4 verwys. Kan ek jou herinner aan 2 Kor 3:18: “Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is”. 2 Kor 4:16-17: “Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en vir ewig bly”.

Onthou jy Ps 72:19 (OAV) waar die digter die volgende uitroep: “En geloofd sy vir ewig Sy heerlike Naam! En laat die hele wêreld met Sy heerlijkheid vervul word! Amen, ja amen.” Dit was God se doel van die begin af: die aarde moet gevul wees met die heerlijkheid van God. En sien jy hoe dit gaan

realiseer: Deurdat die nuwe aarde gevul gaan wees met nuwe mense. En daardie mense gaan die heerlijkheid van God hê.

Bemoediging

Ja, daar is baie swaar dinge rondom ons. Ja, die pandemie druk swaar. Ja, inperking is ongerieflik en frustrerend. Ja, die ekonomiese implikasies is ernstig en pynlik. Ja, die pandemie bring hartseer as ons of ons geliefdes siek word, of selfs sterf. Ja, die wêreld waarin ons leef, is boos. Ja, die toestand in die kerk is ver van ideaal op baie plekke. Maar, onthou wat Jak 1 ons leer: wees bly as allerhande beproewings oor julle kom, want dit leer julle om te volhard en te groei na geestelike rypheid, sodat julle onberispelik sal wees. Hoekom is so 'n harde pad nodig? Want ons moet gelouter en gelouter en gelouter word. Want daardie eindproduk wat God besig is om in ons te vorm, is absoluut verstommend.

Ja, God wil ons heerlik maak. Maar dit is nie sommer net 'n so-so heerlijkheid nie. Nee, Hy wil 'n heerlijkheid in ons werk wat alles oortref, en wat boonop vir ewig sal bly. Hy wil hê ons moet Christus se beeld vertoon. Trouens, Hy het ons na Sy beeld geskape, en wil hê dat ons Sy beeld met getrouheid sal vertoon. Die heerlijkheid wat Hy in ons bewerk, is Sy heerlijkheid. Dit is daardie heerlijkheid wat Moses nie mog sien en bly lewe nie. Dit is daardie heerlijkheid wat Jesaja, Esegïel en Johannes van hulle voete gegee het toe hulle maar net iets daarvan gesien het. Dit is om te deel in daardie heerlijkheid wat Jesus op die berg van verheerliking gedemonstreer het. Dit is hoe God se heerlijkheid die aarde gaan vul: as die aarde gevul is met mense wat Sy heerlijkheid vertoon.

Betekén dit ons gaan God wees? Nee, maar ons gaan God se heerlijkheid deel. Waarin lê God se heerlijkheid? Tog seker in Sy Persoon, in Sy karakter: Sy liefde, trou, genade, regverdigheid, en noem maar op – en natuurlik veral in Sy heiligheid. Maar dit is in ons, die gelowiges, wat Hy Sy liefde, trou, genade, regverdigheid demonstreer. Dit is vir ons wat Hy wil bring by heiligheid om Sy heiligheid te mag besing. Dit is wanneer God al Sy werk in ons afgehandel het, dat ons as eindproduk Sy heerlijkheid demonstreer. Ja, Hy bly God, en ons Sy skepsels – maar Hy maak ons deur Sy verlossingsproses skepsels wat getrou reflekteer wie en hoe Hy is. Sy heerlijkheid is in ons gedemonstreer. Hy demonstreer dit in ons. En daarom deel ons in Sy heerlijkheid. En as ons Sy heerlijkheid vertoon, verheerlik ons Hom.

Soos Paulus in 2 Kor 4:16 sê: dit is om hierdie rede dat ons nie moedeloos word weens die swaarkry in hierdie lewe nie.